PREEKNOTA

Tema: ***Hoe wag ek in geloof?***

Oggend: **9 September 2018**

Reeks: **Grenslose Geloof**

Prediker 3:11 (AFR83) God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.

WAT OM TE ONTHOU WANNEER JY OP GOD WAG?

1. **Onthou daar is 'n natuurlike vertraging tussen plant en oes**

Prediker 3:1-2 (AFR53/83) ALLES het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd: . . . 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek,

2. **Onthou daar is 'n onsigbare oorlog aan die gang**

Efesiërs 6:12a (DB) Dis nie 'n oorlog teen gewone mense nie. Ons moet teen die onsigbare geestelike magte van Satan veg….

3. **Onthou God is besig om jou voor te berei vir Sy seën**

1 Petrus1:6-7a (NLV) Hieroor kan julle baie bly wees, al moet die baie beproewings julle vir 'n rukkie laat swaarkry. Die doel met die beproewings is om die egtheid van julle geloof duidelik te laat word. Julle geloof word getoets soos goud met vuur getoets en daardeur gesuiwer word; en onthou: Julle geloof is vir God baie kosbaarder as goud wat vergaan.

4. **Onthou jy is in goeie geselskap wanneer jy op God wag**

Hebreërs 11:2 (AFR83) Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is.

5. **Onthou God hou altyd Sy beloftes**

Habakuk 2:3 (DB) Die dinge wat Ek vir jou gewys het en wat jy opgeskryf het, gaan nie nou dadelik gebeur nie. Maar binnekort gaan dit vir seker gebeur. Dit voel dalk vir jou of dinge sloer en of niks aan die gebeur is nie, maar wees geduldig. Jy sal sien, kom sal dit kom en niks en niemand sal dit kan terughou nie.

WAT MOET EK DOEN TERWYL EK WAG?

1. **Skryf 'n joernaal van die lesse wat jy leer – *Numeri 33:2***
2. **Tree op asof jy dit alreeds het – Markus 11:24**
3. **Beoefen die gewoontes wat sterk geloof bou**
4. **Moenie paniekerig raak nie, vertrou op die Here – Psalms 56:4**

Vir persoonlike gebed, besoek die gebedspan LINKS voor in die kerk na afloop van die diens